**Die houtkapper**

(Oorvertel n.a.v die Nederlandse verhaal *De houthakker* – deur Belcampo)

Daar was eendag lank gelede ‘n houtkapper wat baie hard moes werk. Hy moes bome afkap en die hout opsaag. Soos julle kan dink, is dit ‘n vreeslike harde werk, en moes die houtkapper baie sterk gewees het. Maar hy was ook baie arm. In daardie dae het houtkappers nie baie geld gehad nie, en hierdie een se skoene was stukkend en sy klere gelap. Sy baard en hare was woes en ongeskeer – hy het amper soos een van die bosse in die woud gelyk!

Eendag moes hy een van die heel grootste en mooiste bome in die woud afkap. Sy hart was sommer seer daaroor, want hierdie boom was regtig pragtig – amper koninklik en trots. Die houtkapper was lief vir die bome in die woud, en vir die diere. Hy het met die bome en bokke gepraat as hy soms gesit en rus het. Dit was vir hom asof die bome hom kon hoor – en die diere sy vriende was.

Die houtkapper het met ‘n swaar hart begin om die reuse boom af te kap. Dit het vir hom gevoel of hy die boom doodmaak. En dit was asof hierdie boom moeiliker as enige ander boom was om af te kap – net asof die boom sy bas aspris dikker maak sodat dit so moeilik as moontlik moet wees om hom af te kap!

Die houtkapper het gekap en gekap en gekap. Eers na ‘n paar dae se swoeg en sweet, het die boom met ‘n stadige gekraak begin kantel... dit het geklink of die boom eers kreun van pyn, en toe met ‘n geklap van takke wat breek, skeur die boom homself met sy wortels en al uit die aarde uit.

Alles het stil geword. Selfs die voëls het nie gesing nie. Dit was asof die bos asem ophou. Die houtkapper het sy hoed plegtig afgehaal asof hy eer aan die boom betoon.

Die bos was skielik vreemd lig. Waar die boom se kruin was, was daar nou ‘n groot gaping, en die lig het vir die eerste keer in honderde jare in hierdie deel van die bos ingeskyn. En dis toe dat die houtkapper iets vreemds sien tussen die wortels van die boom...

Toe hy nader tree, sien hy dat dit ‘n ou, verweerde kis is, met swaar kettings rondom gewikkel en ou geroeste slotte wat die kettings verbind. Die houtkapper kon nie verstaan wat hy sien nie. Nog nooit het hy so iets beleef nie. Hy het sy byl opgetel en nuuskierig begin om van die boomwortels los te kap om die kis.

Die kis was baie swaar. Met ‘n groot gesukkel het die houtkapper die kis gesleep tot op ‘n gelyk stuk grond. Met sy byl het hy een van die groot slotte stukkend gekap en die vuil kettings losgesukkel.

Hy het versigtig die deksel opgelig. Toe die son se strale op die inhoud van die kis skyn, was die lig so helder dat die houtkapper sy oë moes toeknyp – die kis was propvol glinsterende juwele, muntstukke en goue ornamente! Die

houtkapper het na sy asem gesnak! Hoe sou dit daar gekom het? Hy het vinnig om hom rondgekyk of iemand hom sien, maar hy het geweet niemand kom ooit in daardie dele van die bos nie.

Toe tel hy eers een, toe twee, toe handevol van die muntstukke op. Hy het dit laat gly deur sy vingers en sy hande dieper die kis in gedruk. Hy kon sy oë nie glo nie! Dat so ‘n groot geluk hom nou getref het! Hy hoef nooit weer swaar werk te doen nie. Sy vrou en kinders kan nuwe klere kry. Hy kan ‘n groter huis koop. Hy kan soos ‘n koning leef met al die skatte!



Die houtkapper was so opgewonde, dat hy handevol van die muntstukke en juwele sommer voor by sy stukkende hemp in gegooi het. Hy het in die rondte gespring en begin dans van vreugde. Kort-kort het hy handevol van die geld in die lug in opgegooi en dit geniet as die skatte oor hom reën! Hy het selfs gerol op die grond waar van die muntstukke gelê het. Hy was soos ‘n opgewonde hond wat net wou rol en speel.

Skielik het ‘n takkie in die bosse agter hom gekraak... Die houtkapper het yskoud geword van skok en sy byl gegryp – reg om wie ook al dood te maak... In die bossies oorkant hom het ‘n pragtige bosbokkie gestaan – met groot, onskuldige bruin oë na hom gekyk.

“Sjoe!! Weg is jy!” het die houtkapper op die bokkie geskree en sy byl dreigend in die rigting van die bokkie geswaai. Die skugter dier het verskrik padgegee.

Toe dit weer stil word waar die bok verdwyn het, het die houtkapper sy byl laat val en op sy knieë neergesak.

“Wat het van my geword?” het hy geprewel. “Die skat het van my ‘n monster gemaak. Ek was gereed om mens of dier onmiddellik dood te maak! Nee!”

Die houtkapper het opgespring en koorsagtig die munstukke en juwele wat oral verstrooi gelê het, begin optel. Haastig het hy elke enkele stukkie opgeraap en teruggegooi in die kis – asof die munstukke en juwele ‘n pes het wat hom kan aansteek!

Toe alles opgetel was, het hy die kis se deksel toegeslaan, die kettings weer stewig om die kis gedraai en die kis in die gat waar die boom se wortels was, gegooi. Toe het die houtkapper begin om die gat toe te gooi met die stukke boomwortels wat losgebreek het, blare en grond van die omgewing. Hy het op die sagte grond gespring en dit met sy voete vasgestamp en nog grond bo-oor gegooi. Toe hy klaar was, kon niemand sien dat daar ooit ‘n gat was nie, en niemand sou ooit kon dink dat daar ‘n skat begrawe is nie...